

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL II

Tydtoekenning: Volgens kandidaat se behoeftes

100 punte

KEERDATUM: 9 Oktober 2015

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

Opsomming van Take en Punte

1

Die Eksamentema

2 – 5

Eksamentake

6 – 11

Bronnelys

12

OPSOMMING VAN TAKE EN PUNTE

- | | |
|--|------------|
| • Kreatiewe Proses: Visuele Joernaal | [20 punte] |
| • Kontekstuele Navorsing: Visuele Joernaal | [10 punte] |
| • Tekening | [35 punte] |
| • Kunswerk | [35 punte] |

Die take moenie noodwendig as onverwante, afsonderlike take beskou word nie, maar eerder as aktiwiteite wat tegelykertyd uitgevoer word as deel van 'n samehangende, omvattende eksamenprojek.

1

Surplus and Scarcity¹

(Rykdom en Armoede)

DIE 80 RYKSTE MENSE BESIT DIESELFDE RYKDOM AS DIE 3.5 BIJOEN ARMSTE MENSE



**EVEN
IT UP** |  **OXFAM**

Oxfam-plakkaat, 2015

In Januarie 2015 het die internasionale liefdadigheidsorganisasie Oxfam sy bevindinge oor globale ongelikheid vrygestel. Die statistiek het deels beoog om te beklemtoon in watter mate die wêreld se rykdom gekonsentreer raak in die hande van 'n baie klein getal van sy bewoners.

2



Andreas Gursky

99 Cent II (2001)

C-afdruk gemonteer op akriëlglas

207 × 307 cm

Fotograaf Andreas Gursky maak grootskaalbeelde wat die skaal van menslike strewes in die laat 20ste en vroeë 21ste eeu weerspieël. In hierdie werk het die kunstenaar die paadjies van 'n Amerikaanse 'winskoop'-supermark gefotografeer.

¹ Tesourussinonieme vir woorde wat in die tema gebruik word: **surplus** – oormaat, oorskiet, ongebruik, vry; **skaarsheid (scarcity)** – tekort, onvoldoende, gebrek, ontoereikend.

3



Sebastiao Salgado
Ongetiteld, Serra Pelada, Brasilië (1986)
Gelatiensilwerafdruk

In die middeltagtigerjare het Sebastiao Salgado 'n dagbou-goudmyn genaamd Serra Pelada gefotografeer wat ontstaan het tydens 'n 'goudstormloop' nadat klonte van tot 6 kg in 1979 op 'n plaas in landelike Brasilië gevind is. Gedurende die sewe jaar wat die myn oop was, het mynwerkers duisende tonne grond met die hand verskuif en baie ure per dag deurgebring deur teen lang, gevaarlike, tuisgemaakte lere uit te klim om die grond buite die myn te gooi.

4



Pieter Hugo
Yakuba Al Hasan, Agbogloboshie
Market, Accra, Ghana, 2009
C-afdruk
82 × 82 cm

Buite Ghana se hoofstad, Accra, het 'n stortingsterrein vir Europese rekenaar-hardeware baie mense gelok wat die tegnologiese rommel sorteer het op soek na waardevolle items. Alhoewel Europese lande klaarblyklik glo dat hulle die hardeware aan Afrika skenk vir gebruik in die rekenaar- en opvoedkundige sfeer, kry desperate Ghanese in plaas hiervan nuttige metale soos koper in die komponent-onderdele en brand die onderdele om die metale te onttrek om te verkoop.


5



Tim Eitel
***Haufen (Hoop)* 2008**
Olie op doek
180 × 290 cm

Die Duitse skilder Tim Eitel verf fragmente van tonele wat hy in Europese stede sien, veral tonele wat nie inpas by 'n stereotipiese idee van Europese orde nie. Hy stel tonele van haweloosheid, stedelike rommel en afval teenoor kalm, anonieme interieure.

6



Bewonderaarskuns: lirieke van sanger Lorde se liedjie 'Royals' (2014)

Lorde se nou beroemde liedjie kritiseer die einste bedryf waarin sy werk, die musiekbedryf van die vroeë 21ste eeu, en bevraagteken die jeugkultuur se waardes van oormaat, opvallende rykdom en 'bling'.

* Ons gee nie om nie. Ons ry Cadillacs in ons drome.

7





Brett Murray
***Little Bubble* (2012)**
Teksinstallasie, metaal en goudblad
330 × 150 × 20 cm

Satiriese kunstenaar Brett Murray ondersoek hier hoe populêre kultuur en oormatige rykdom 'n skeiding tussen drome en realiteit skep. Terwyl baie in armoede sukkel om te oorleef, preek gewilde selfhelp-'ghoeroe'-figure soos Oprah Winfrey 'n evangelie van streel jou sintuie deur kos, klere en binneontwerp.

* Oprah sê leef lekker

8

**Michael Landy*****Breakdown (2012)*****Opvoering en installasie****Afmetings veranderlik**

In 2001 het die Britse kunstenaar Michael Landy 'n leë Londense winkel vir 'n opvoering van twee weke oorgeneem. Tydens die opvoering het hy elkeen van sy 7 227 besittings sorgvuldig versamel en gekatalogiseer, van sy motor tot bykomstighede soos skoene en posseëls. Met die hulp van tien werkers en 'n monterbaantipe stelsel het hy elkeen in sy samestellende materiale opgebreek, dit versnipper, die snippers in vuilgoedsakke gepak en dit uitgestal. Hy het geen aspek van die opvoering/installasie verkoop nie en geen geld gemaak as 'n direkte gevolg van die geleentheid nie. Aan die einde van die proses het hy geen aardse besittings gehad nie.

Die bronne wat in hierdie eksamenvraestel gereproduseer word, beskou verskillende hoeke van die tema '**Surplus en skaarsheid**'. Die digotomieë (kontraste tussen twee opponerende idees of toestande van bestaan) wat opgestel word deur die woorde in die tema, sowel as die beelde en die situasies of kontekste waarna hulle verwys, posisioneer die kunstenaar as iemand wat besin oor die stand van die samelewing, beide plaaslik en globaal.

INSTRUKSIES

Geïnspireer deur enige aspekte van die bronbeelde en tekste *waarby jy persoonlik aanklank vind*, sal daar van jou verwag word om die volgende te produseer:

- **Kreatiewe proses** in jou Visuele Joernaal waardeur jy die stappe dokumenteer wat tot die aanbieding van jou tekening en jou kunswerk lei
- **Kontekstuele navorsing** in jou Visuele Joernaal wat die werk van minstens ses kunstenaars, drie Suid-Afrikaans en drie internasionaal, omvat en minstens een visuele ontleding van 'n kunswerk deur een van hierdie kunstenaars insluit
- 'n **Tekening** wat een of ander artistieke proses benut wat redelikerwys as 'n tekening geïnterpreteer kan word
- 'n **Kunswerk** geskep in 'n medium of dissipline van jou keuse, maar wat logiese aansluiting vind by jou Jaarwerk en 'n deeglike begrip van jou gekose medium en dissipline weerspieël
- **Titels en motiverings** vir beide die tekening en die kunswerk
- 'n Effektiewe manier om jou tekening en kunswerk **uit te stal** met inagneming van jou skool se uitstalruimte en hulpbronne.

Belangrik om te onthou: Jy mag buite die skool in jou eie tyd aan jou Visuele Joernaal en tekentake werk, maar die kunswerktaak mag nie van die skoolperseel verwyder word nie. Dit moet onder toesig van die onderwyser voltooi word.

KRITERIA

Hoe sal jou werk geëvalueer word? Na watter kriteria sal die IEB-eksaminator wat jou eksamen-sentrum besoek, kyk? Jou antwoord op die eksamen sal geassesseer word aan die hand van die volgende drie breë dog onderling verbonde kriteria:

1. Jou vermoë om vaardig met jou gekose materiale en komposisiebeginsels te werk, d.w.s. **vorm**.
2. Jou oorspronklike en kreatiewe denke, konsepte en die doelbewuste betekenis wat deur jou werk ondersoek word, d.w.s. **inhoud**.
3. Die bewys van taakintensiteit, nuuskierigheid, volharding en toewyding in jou antwoord, sowel as jou vermoë om die beperkings van tyd en ruimte te hanteer, d.w.s. **konteks**.

Jou onderwyser het gedetailleerde assesseringsrubrieke met al die kriteria vir sukses in hierdie eksamen. Jy word aangeraai om jou van hierdie rubrieke te vergewis. Tesame met die **Riglynboekie wat hierdie eksamenvraestel vergesel**, moet jy die rubrieke baie goed ken, aangesien hulle jou bemaatig om jou eie beste antwoord op die eksamen te genereer.

VOORSTELLE OOR HOE OM DIE EKSAMENPROSES TE NAVIGEER

'n Paar dinge om te oorweeg gedurende die proses om op hierdie eksamen te antwoord:

1. Kunstenaars wat vir navorsing gekies word, moet jou aandag werd wees; hul werk moet **gevestigde visuele tale en oortuigende denkprosesse** openbaar. Hul werk **moet jou op 'n diep vlak inspireer** en jou nie net oppervlakkig beïndruk nie. Jy moet ondersoek hoe jou gekose kunstenaars iets in jou eie denke aan die gang gesit het en hoe hul werk jou gehelp het om groter duidelikheid te verkry oor die maak van jou eie kunswerk en tekening.
2. Jy moet **onmiddellik nadat jy hierdie eksamenvraestel ontvang het**, met jou Kreatiewe Proseses begin. Onthou om nie jou gedagtes te vinnig te selfsensureer nie: staan 'n rukkie daarby stil en laat hulle ontwikkel. Groot werke kan dikwels uit 'n nederige begin ontwikkel.
3. Onthou, kreatiwiteit is **net soveel 'n sikliese as 'n lineêre proses**. Jy sal heen en weer moet beweeg, moet oorweeg wat jy tot dusver gedoen het en jou proses en produkte langs die pad moet herevalueer om jou antwoord op die eksamen tot 'n oortuigende vlak van diepte te ontwikkel.
4. Die volgorde waarin jy die verskillende komponente van hierdie eksamen benader, moet bepaal word deur jou eie idees en denkprosesse. Jy kan met navorsing oor kunstenaars se werk begin en dan voortgaan om jou idees, persepsies en ervarings in jou Visuele Joernaal te teken. Jy kan onmiddellik begin teken en jou kunswerk en navorsing uit die tekenproses laat voortvloei. Jy kan ook begin deur 'n reeks van jou eie foto's rondom die tema te neem vir gebruik in die konseptualisering van jou projek.
5. Oorweeg sorgvuldig **hoe** jy jou interpretasie van hierdie tema sal aanbied: sal jou benadering intiem en persoonlik wees, of openbaar (gemik op 'n breër gehoor as net diegene rondom jou) en sterk?
6. Sal jou tekening(e) en kunswerk(e) naturalisties, gestileer of abstrak wees?
7. Jou benadering kan letterlik wees, dit kan naturalisties wees, of dit kan meer simbolies of poëties wees. Wat maak jou antwoord 'n kunswerk en nie 'n politieke of sosiale plakkaat of pamflet nie?

TAAK 1 KREATIEWE PROSES**[20 punte]**

Dit is voorbereiding vir jou tekening en kunswerk. Dit is 'n rekord van jou reaksies op die tema. Dokumenteer jou kreatiewe proses volledig in jou Visuele Joernaal.

Jou Kreatiewe Proses kan deur drie hoof fases gaan:

- (a) **Aanvanklike idees en verkenning van die tema**
- (b) **Konseptuele en visuele ontwikkeling van kunswerk en tekening**
- (c) **Verfyning van boodskap en konsep**

Aanvanklike idees en verkenning van die tema

- Gebruik die beelde, tekste en idees wat op die vorige bladsye aangebied word as vertrekpunte en riglyne terwyl jy al jou idees, persepsies, gevoelens, sketse en beelde in jou Visuele Joernaal dokumenteer.
- Noem jou belangstellings en bedoelings vir hierdie eksamen – maar behou 'n oop, buigsame gemoed. Jou bedoelings kan verskuif en verander namate jou kreatiewe proses ontwikkel.
- Sluit aanvanklike sketse en bronmateriaal in.
- Verskaf idees wat in jou eie woorde geskryf is wat jou redenasie verduidelik vir die uitbeelding van die onderwerp(e) wat jy kies op die manier wat jy kies.
- Toon dat jy **vaardig** is in die vermoë om baie idees en moontlikhede te genereer, nie net een finale idee nie.

Konseptuele en visuele ontwikkeling van kunswerk en tekening

- **Ontwikkel en brei** jou eie visuele taal **uit** deur verder betrokke te raak by 'n sikliese kreatiewe proses ter voorbereiding vir jou tekening en kunswerk.
- **Wees buigsam:** jou idees kan wel verander en verskil van jou aanvanklike bedoelings, planne en mikpunte wat in 2 hierbo ondersoek is.
- Gebruik woorde, sketse, visualiserings, tegniese eksperimente om jou kunswerk visueel te ontwikkel. Ondersoek moontlikhede!
- Met watter medium werk jy? Watter tegnieke en inhoud pas die beste by jou bedoelings en interpretasie van die tema en waarom?

Verfyning van boodskap en konsep

- Met watter tekens en simbole uit 'n breër visuele kultuur is jy gemoeid om jou werk betekenisvol te maak?
- Wie is jou gehoor? Op wie is jou werk gerig?
- Watter sentrale idees wil jy aan jou gehoor oordra?

Skakel met jaarwerkportefeulje

- Oorweeg as deel van jou kreatiewe proses die kunswerke wat jy reeds in jou praktiese portefeulje vir Skoolgebaseerde Assessering (SBA) voltooi het.
- Jy word sterk aangeraai om vir hierdie eksamenprojek met dieselfde kunsdissipline te werk as die een wat jy in die SBA praktiese portefeulje gebruik het. (As jy 'n beeldhouwerk in jou SBA-portefeulje gedoen het, moet hierdie eksamenwerk ook 'n beeldhouwerk wees.)
- Verduidelik die verband tussen jou SBA-portefeulje en jou bedoelings vir die eksamenprojek in terme van jou formele en konseptuele oorwegings. Dit is 'n belangrike deel van die ontwikkeling van 'n **persoonlike visuele taal**.
- **Verwys vir gedetailleerde riglyne aangaande die kreatiewe proses na die betrokke afdeling in die gedetailleerde riglynboekie.**

TAAK 2**NAVORSING****[10 punte]****Navorsing is 'n belangrike deel van die proses om 'n suksesvolle kunswerk te maak**

- Kies *as deel van jou Kreatiewe Proses* **minstens ses** ander visuele kunstenaars wat jy inspirerend vind vir jou artistieke praktyk en doen navorsing oor hul werk (doen navorsing oor ongeveer drie kunstenaars vir jou tekening en ongeveer drie ander vir jou kunswerk).
- Jy kan navorsing doen oor die werk van die kunstenaars wat in die bronne verskyn wat in die Eksamenvraestel verskaf word of oor ander kunstenaars se werk.
- Terwyl jy navorsing doen, moet jy jou idees vir jou eie bedoelings en mikpunte vir hierdie Eksamenprojek verfyn en aanpas.
- **Produseer minstens een gedetailleerde visuele ontleding van minstens een werk deur die kunstenaar(s) wat jy gekies het. In jou ontleding moet jy na die tema *Surplus en Skaarsheid* verwys. Die ontleding moet in jou eie woorde wees.**
- Erken al jou bronmateriaal.
- Verduidelik waarom die kunswerke wat jy navors relevant is vir jou eie bedoelings en planne vir die Eksamenteken- en Kunswerktaak.
- Jy kan vind dat ander terreine van visuele kultuur, soos argitektuur, boek- en musiekverwante ontwerp, letterkunde en poësie, of elemente uit populêre kultuur, die moeite werd is om na te vors. Onthou dat jy jou IEB-eksaminator moet oortuig dat jy ietwat van 'n deskundige geword het op die terrein van visuele kunspanduksie waarop jy gekies het om te fokus.
- Indien enige terreine van jou navorsing uit jou SBA-portefeulje 'n invloed gehad het op jou denke in hierdie eksamen, moet jy dit erken.
- **Verwys vir gedetailleerde riglyne aangaande kontekstuele navorsing na die betrokke afdeling in die gedetailleerde riglynboekie.**

TAAK 3**TEKENING****[35 punte]**

Vir die tekeningkomponent het kandidate 'n keuse om óf 'n reeks PROSESTEKENINGE óf 'n EINDPRODUKTEKENING te produseer. Kandidate moet hulle van die vereistes vir elkeen vergewis en 'n ingeligte besluit neem wat die beste by hul kreatiewe praktyk pas.

- Produseer 'n reeks **Prosestekeninge** ('n reeks ondersoeke na die aard van teken, waarin jy met 'n besliste estetiese en konseptuele stryd gemoeid is en waardeur tegniese en konseptuele kwessies opgelos word vir die finale werk). Hierdie tekeninge moet saam met die kunswerk vertoon word. Bykomende tekening- en visuele ontwikkeling moet steeds 'n belangrike deel van die Visuele Joernaal wees.

OF

- Produseer minstens een **Eindproduktekening** ('n tegnies en konseptueel opgeloste kunswerk in enige tekenmedium wat naas die kunswerk bestaan, maar nie bloot 'n replika van die finale werk is nie) om uit te stal.
- Jou tekening moet 4 – 6 weke neem om te voltooi.
- Werk tegelykertyd aan jou Visuele Joernaal en jou tekening.
- **Verwys vir gedetailleerde riglyne aangaande jou tekening na die betrokke afdelings in die riglynboekie.**

NB: Jou tekening moet 'n **tekening** wees en nie 'n ander kunsvorm nie. Indien jy kies om 'n onkonvensionele of nietradisionele tekening te maak, moet jy jou motivering hiervoor in jou Visuele Joernaal verduidelik en beskryf hoe jou werk as **tekening** tel. Indien jy die Prosestekeningopsie kies, moet jou tekeninge professioneel uitgestal word en nie in die joernaal gelos word nie. 'n Tekenning bestaan uit 'n reeks betreklik spontane punte op 'n oppervlak. 'n Akrielskildery is nie 'n tekening nie en 'n foto is nie 'n tekening nie – tensy jy volledig verduidelik hoe dit as sodanig beskou kan word. Indien jy 'n tekening aanbied wat nie tradisioneel is nie, moet jy regverdig hoe jou indiening konseptueel as 'n tekening verstaan kan word. Die Britse kunstenaar David Hockney het gesê: “*Teken laat jou dinge duideliker sien, en duideliker en nog duideliker, totdat jou oë pyn.*” Dink sorgvuldig oor wat 'n tekening anders maak as 'n skildery of 'n beeldhouwerk of 'n foto. Oorweeg die redes waarom teken so 'n belangrike deel van 'n kunstenaar se kreatiewe proses is.

TAAK 4**KUNSWERK****[35 punte]**

- Noudat jy jou kunsdisipline vir die eksamen gekies het, moet jy jou kunswerk vir uitstalling produseer.
- Verwys vir gedetailleerde riglyne aangaande jou kunswerk na die betrokke afdelings in die riglynboekie.
- Jy mag nie sonder onderwysertoesig aan jou kunswerk werk nie.

SIEN DIE MEEGAANDE RIGLYNBOEKIE VIR GEDETAILLEERDE RIGLYNE VIR SPESIFIEKE DISSIPLINES. DIT IS JOU VERANTWOORDELIKHEID OM JOU TE VERGEWIS VAN DIE SPESIFIEKE VEREISTES VIR ELKE DISSIPLINE.

TAAK 5 TITELS EN MOTIVERINGS

- Skep 'n toepaslike en interessante **Titel** vir beide jou tekening(e) EN jou kunswerk(e).
- Tik en druk twee afsonderlike **Motiverings** van hoogstens 150 – 200 woorde elk.
- Vertoon jou Motiverings, Titels en eksamennommer langs jou tekening en kunswerk.

LET WEL: Die take hierbo is verpligtend, maar hoef nie noodwendig in streng numeriese volgorde uitgevoer te word nie. Die kreatiewe proses is organies en siklies eerder as sekvensieel en lineêr. Jy kan begin deur eers jou idees te teken en daarna voortgaan met navorsing oor kunstenaars se werk. Jy sal dan heen en weer beweeg en die verskillende stadiums oorweeg en heroorweeg om jou kreatiewe betrokkenheid by die eksamenopdrag te ontwikkel en te verdiep.

TAAK 6 AANBIEDING

Jou tekening en kunswerk moet so professioneel moontlik uitgestal word. Benoem jou tekening(e) en kunswerk soos volg:

<i>Naam</i>
<i>Eksamennommer</i>
<i>Titel</i>
<i>Eksamentekening/ Eksamenkunswerk</i>

WORDPRESS-PUBLIKASIE VAN HIERDIE VRAESTEL

Die IEB het die beelde en verwysings in hierdie eksamen vraestel in 2015 gekoppeld gepubliseer om jou maklike digitale toegang te gee. Jy moet hierdie digitale toegang gebruik om die tekste en beelde wat in die eksamen vraestel vervat is, doeltreffend na te vors. Gebruik die skakel:

<<https://visualartspaper2exam.wordpress.com>>.

BRONNE

1. David Feeney, Twitterpos, 2015. Beskikbaar by <<https://twitter.com/feeney4batman/status/558375745093771264>> [2 Februarie 2015]
2. C4 Gallery-webwerf. Kunstenaarsprofiel: Andreas Gursky, 2015. Beskikbaar by <<http://c4gallery.com/artist/database/andreas-gursky/andreas-gursky.html>> [2 Februarie 2015]
3. Museum of Photographic Arts-webwerf. *Documents of Conflict*, 2015. Beskikbaar by <<http://www.mopa.org/content/untitled-serra-pelada-brazil>> [2 Februarie 2015]
4. Stevenson Gallery-webwerf. Pieter Hugo, *Permanent Error*, July 2010. Beskikbaar by <<http://stevenson.info/exhibitions/hugo/permererror/permererror36.htm>> [2 Februarie 2015]
5. Galerie Eigen+Art-webwerf. Kunstenaarsprofiel: Tim Eitel, 2015. Beskikbaar by <http://www.eigen-art.com/index.php?article_id=689&clang=1> [2 Februarie 2015]
6. Bewonderaarskuns oor Tumblr, gegenereer deur burn-out-the-pain, 2015. Beskikbaar by <<https://www.tumblr.com/search/otp:%20you%20can%20call%20me%20queen%20bee>> [2 Februarie 2015]
7. Brett Murray-webwerf, uitstillingskatalogus van *Golden Truths*, 2012. Beskikbaar by <<http://www.brettmurray.co.za/work/golden-truths/>> [2 Februarie 2015]
8. Supralimen-blog, profiel oor Michael Landy, 2011. Beskikbaar by <<https://supralimen.wordpress.com/2011/01/19/excess-michael-landy-breakdown-200/>> [2 Februarie 2015]
9. Kirby Kendrick, persoonlike blog, profiel oor Michael Landy, 2012. Beskikbaar by <<http://www.kirbykendrick.com/blog/2-art-installations-you-wont-forget/breakdown-2001-michael-landy-b-1963jpeg/>> [2 Februarie 2015]
10. Aktivisteorganisasie Adbusters-webwerf, artikel oor Michael Landy, 2010. Beskikbaar by <<https://www.adbusters.org/magazine/88/michael-landy.html>> [2 Februarie 2015]